Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 4 Februarie 1948 No. 10

# AMAJUBA TOEVERTROU AAN BOEREJEUG

**Eenmaal die toneel van die roemryke sege van 'n handjievol Afrikaners wat die knie nie wou buig voor die magtigste Empire van hul tyd nie, het die berg Amajuba stadig in die vergetelheid weggesak totdat die Ossewabrandwag dit aangekoop en verhef het tot 'n ereposisie onder die monumente van ons volksgeskiedenis.**

Amajuba roep in herinnering die heldemoed van ons volk in die stryd om sy verlore vryheid, en soos destyds, gaan daar vandag nog 'n trilling deur die Afrikanerdom wanneer die slag van Amajuba op 27 Februarie elke jaar herdenk word.

Op 27 Februarie, om nege-uur in die aand, verrys op die kruin van Amajuba en elders in die land, vryheidsvure waar Afrikaners vergader en hulle opnuut toewy aan die republikeinse ideaal wat op Amajuba geseëvier het en op Vereeniging weer die onderspit moes delf maar nooit mag sterf nie.

### VERBETERINGS

**Onmiddellik na die aankoop van Amajuba is 'n begin gemaak met talle verbeterings. Twee groot opgaardamme is gebou en duisende voet ysterpype voer die heerlike fonteinwater na alle dele van die feesterrein. 'n Woonhuis, 'n feeshuis, 'n paar tweevertrek-huisies vir vakansiegangers en 'n groot moderne swembad is gebou. Die graftes van die gesneuwelde vyand is in orde gebring, maar meer kon daar nie gedoen word nie, want die storm wat oor die Beweging losgebars het, het te kwaai gewoed.** Alle kragte is gewend in die rigting van die Noodhulpfonds en die stryd om bestaan. Die toekomsplanne vir Amajuba het toekomsdrome geword.

Namate toestande egter weer normaal word, het Amajuba weer op die voorgrond getree en ons maak met dank melding van die geskenk van drieduisend boompies wat verlede jaar van jeughoofkommandant Ben du Toit ontvang is, vir aanplanting om die berg te verfraai en grondverspoeling te keer.

### VAKANSIE-OORD

Die toekomstige ontwikkeling van Amajuba is opgedra aan die Boerejeug onder leiding van hoofgenl. Dirk van Rooy.

Die ligging van die berg — vlak teenaan die teerpad tussen Johannesburg en Durban, die pragtige natuurskoon van die omgewing, die geriewe wat reeds op die terrein aangebring is — alles dui aan dat Amajuba 'n baie gewilde rusoord sal wees.

**Ten einde vakansiegangers van verdere geriewe te voorsien, is dit die voorneme om binnekort 'n algemene handelaarsbesigheid op die plaas te open.**

### AMAJUBA-BEESTE

Omdat daar so dikwels verneem word wat van die Amajuba-verse geword het, wil ons hier net meld dat daar op die oomblik slegs agtien Afrikanerosse op Amajuba is, en sowat dertig skape. Omdat die weiding gedurende die wintermaande so uiters skraal is, en groot verliese telkens gedreig het, was die Finansiële Beheerkomitee genoodsaak om in 1944 die grootste gedeelte van die beeste te verkoop, en tans word weiveld, wanneer dit volop is, verhuur aan boere in die omgewing.

Wanneer u dus op 27 Februarie opnuut u getrouheid aan die republikeinse ideaal betuig, dink dan daaraan dat die Ossewabrandwag aan die Afrikanerdom 'n Amajuba gegee het, 'n deeltjie van ons vaderland vir die kinders van ons volk, en laat ons hulle help om van Amajuba 'n lewende simbool te maak van die arbeidslus en die arbeidskrag van die Afrikaner en strewe na sosiale geregtigheid.

## Dokument Van Geïnterneerdes

**Die dokumente van alle persone wat geïnterneer was en nou van beheer onthef is, is vernietig, volgens 'n antwoord wat namens die regering in die volksraad gegee is. Ander dokumente sal bewaar bly.**

**Die regering is blykbaar bang dat 'n volgende regering 'n Neurenberg oor sy oorlogsdade sal hou en dat sy optrede nie die lig van 'n ondersoek sal kan deurstaan nie.**

# PROGRAM VAN VERRIGTINGE OP AMAJUBA

**Die sentrale feesviering met Vryheidsdag vind vanjaar weer op Amajuba plaas, by watter geleentheid die Kommandant-generaal as Bevelvoerende Offisier sal optree.**

Met die reëling van die fees, wat aan die Boerejeug opgedra is, is reeds hard besig. Indien weersomstandighede dit toelaat is dit die voorneme om hierdie sametrekking ook op 28 Februarie voort te sit en wel in die vorm van 'n Boeresportdag.

**PROGRAM**

**Vrydag, 27 Februarie 1948**

Middag: Gesellige verkeer.

5-uur nm.: Toespraak: Ons K.G.

8-uur nm.: Opstelling van vergadering, opening met skriflesing en gebed, sing van volksliedere.

9-uur nm.: Aansteek van vuur bo-op Amajuba.


**Saterdag, 28 Februarie 1948**

GROOT BOERESPORTDAG

Skyfskiet, tou-trek, jukskei, resies, kompetisies, en net wat u hart begeer. Kom vier hierdie dag op die egte Boere-manier. Bring u jukskeie en .22 saam.

**Vir elkeen is daar plek—bring tog net eie tente saam.** Persone wat met die trein reis, moet op Charlestown-stasie (Johannesburg-Durban-spoorlyn) afstap, waar alle treine op Vrydag, 27 Februarie, ontmoet sal word.

## Die Ligging




## Cradock Word Hoofkwartier

**Die gebiedshoofkwartier van Oos-Kaapland (Gebied B) is met die oog op beter organisering van die begin van die maand af verskuif van Port Elizabeth na Cradock. Die nuwe adres is: Metcalfstraat 40 en die telefoonnommer 473.**

# UNIVERSITEIT BETWIS NEGER SE TOELATING

Nog 'n hofsaak waarin 'n Amerikaanse neger eis om tot 'n blanke universiteit toegelaat te word, dien tans in die staat Texas, Noord-Amerika. Die hof sal moet beslis of die beleid om 'n kleurskeidslyn tussen blank en nie-blank te handhaaf, konstitusioneel is.

Die Neger, Herman Sweeats, betoog dat segregasie teen die grondwet is, terwyl die Universiteitsowerheid van Texas aanvoer dat dit konstitusioneel is en dat daar aparte geriewe vir blanke en nie-blanke studente is. Die saak is nog nie beslis nie.

Intussen is daar 'n landswye organisasie in Amerika aan die gang om die waarborge van Negerstemreg en burgerlike regte uit die grondwet te verwyder. Die inisiatief gaan uit van 'n anti-kommunistiese organisasie.

## GEEN GELYKHEID

**Diskriminasie teen Negers in die Verenigde State het ten spyte van amptelike gelykstelling nog nie verdwyn nie. In die burgerlike lewe loop Negers hulle vas teen allerlei mure van kleurvooroordeel, wat aanleiding gee tot optrede en teenoptrede. Dit op sy beurt weer lei tot groter rassehaat en onrus. Die foto toon 'n betoging wat 1,000 studente van die Chicago-universiteit hou teen diskriminasie in die universiteit se hospitale, klinieke en mediese skole. 'n Universiteitsbarbier is onlangs beboet omdat hy geweier het om 'n Neger-student se hare te skeer. Sy verskoning was dat hy nie die nodige apparaat het om peperkorrels mee te knip nie!**




# DUBBELMEDIUM BLOK AAN BEEN VAN ENGELSE

**Indien die Transvaalse Provinsiale Raad se politieke oogmerke met sy stelsel van dubbelmediumonderwys teen die Afrikaanse kinders gemik was, het hy die verkeerde bok getref, te oordeel na die uitlatings in die Engelse pers wat die stelsel eers aangeprys het maar tans niks goeds daarvan wil hoor nie.**

Dit blyk nou na die eerste proefneming dat die Engelssprekende kinders baie swaarder getref word as die Afrikaanssprekendes omdat laasgenoemde oor die algemeen meer vertroud is met die tweede taal as dié van hul Engelse skoolmakkers en dus beter vordering maak in die vak wat in die tweede taal gedoseer word. Daarom skryf die Cape Argus se Johannesburgse korrespondent dat „die dubbelmediumstelsel tot dusver 'n mislukking was en waarskynlik nooit sal dien om die beoogde doel te verwesenlik nie".

### TREF IMMIGRANTE

Een Engelssprekende skoolhoof het verklaar: „As u my eerlike mening wil hê, dan sê ek dat dit die grootste bog is. Dit penaliseer die kinders en tref veral die kinders van immigrante".

Die stelsel het in 1946 van krag geword. Toe moes elke kind in standerd ses in minstens een vak (nie noodwendig 'n eksamenvak) onderrig in 'n tweede landstaal ontvang. Verlede jaar moes daar al eksamen in afgelê word. Dit het baie onderwysers ontnugter aangesien die gehalte van die werk in hierdie vakke baie laer was as gewoonlik. Veral Engelse onderwysers kry swaar om klas in Afrikaans te gee met die gevolg dat die gehalte verswak.

# NUWE GEES IN VRYSTAAT

# Groot Welslae Met Reorganisasie

**„Ek bespeur 'n heeltemal nuwe gees onder ons mense wat 'n paar jaar gelede bedank het. Sommige is gretig om weer aan te sluit, en ander neem 'n heeltemal simpatieke houding in en is gewillig om die O.B. in heroorweging te neem", verklaar hfkomdt. Vale Ferreira, van die Organisasie-hoofkwartier in Pretoria, in 'n brief aan die O.B.**

Komdt. Ferreira is tans op 'n organisasiereis deur die Vrystaat en hy rapporteer uitstekende welslae. Die Vrystaat het die afgelope paar jare om verskeie redes organisatories agteruit gegaan, maar na 'n reis deur die eerste generaalskap wat hy besoek het, berig genl. Ferreira dat die uitslag „eenvoudig verbasend is". „Ons het uitgevind dat daar honderde O.B.-mense is wat eenvoudig vir twee of drie jaar geen kontak met die Beweging gehad het nie. Ons **het in twee dae se tyd 11 kommando's op die been gebring, en elke kommandoleier meen om minstens 10 na 20 lede in te skryf. „Dis eenvoudig verbasend om te sien hoe diep die O.B.-gedagte posgevat het by ons mense. Eenmaal O.B. altyd O.B. is al gevolgtrekking waartoe ek kan kom. Waar die O.B.-gedagte ingeslaan het, is hy onvernietigbaar.** Van die partypolitiek wil hulle niks weet nie, maar praat van die O.B., dan is hulle die ene geesdrif ten spyte van die feit dat hulle al geglo het dat die O..B. dood is.

### GENL. JORDAAN

Die eerste generaalskap wat besoek is is dié van die ywerige genl. Steyn Jordaan. Daar is begin met die distrikte Bothaville en Viljoenskroon, en daarna sal Vredefort, Parys, Heilbron, Kopjes, Steynsrus, Edenville en Kroonstad aan die beurt kom.

Die reis geskied met genl. Jordaan se motor en na berekening sal meer as duisend myl in hierdie tyd afgelê word. Daarna gaan hfkomdt. Ferreira na ander generaalskappe totdat die hele Vrystaat weer aan beweeg is.

Hfkomdt. Ferreira berig dat groot welwillendheid gevind word by lede van die Afrikanerparty. Baie van hulle is nog nie lede van die O.B. nie.

### GROOT TOEKOMS

„Die moontlikheid van die O.B. in die Vrystaat kan nie



Genl. Jordaan

oorskat word nie veral as al die A.P.-lede — wat baie is — bereid is om aan te sluit soos ons bereid is om by hulle aan te sluit", aldus komdt. Ferreira. Lede van die Afrikanerparty, verklaar hy, is die O.B. baie goed gesind en sal in groot getalle aansluit sodra hulle oortuig is dat dit die goedkeuring van hul partyleiding wegdra.

# ONRUS NA GANDHI-MOORD

Mahatma Gandhi, vader en profeet van die Indiese onafhanklikheid, is verlede Vrydag in Nu-Delhi vermoor toe hy onderweg was na 'n bidstond. Hy is op kort afstand drie keer deur die bors en maag geskiet en is kort daarna oorlede. Hy was 78 jaar oud.

Sy sluipmoordenaar is uitgeken as Nathoeram Gode, 'n 36-jarige Hindoe, wat aan 'n uiterste organisasie behoort. Hy is reeds van moord aangekla.

Die dood van Gandhi is onmiddellik opgevolg deur moord en brandstigting dwarsdeur Indië en gemoedere is besig om hoog te loop. Die moord en doodslag in Bombaai word beskryf as die ergste wat Bombaai nog beleef het.

Die polisie het 'n klopjag dwarsoor Indië uitgevoer en sowat 20 persone in hegtenis geneem wat, na gemeen word, betrokke is by 'n sameswering om ook ander Indiese leiers waaronder Nehru, te vermoor.

# DOOIEPUNT BEREIK in KLEURVRAAGSTUK

**Die huidige parlementsitting het aangevang met die Eerste Minister se aankondiging oor die omspanning van sy Kabinet. Daardeur het veldm. Smuts die wankelende geloof in die bevoegdheid van sy ministers probeer onderskraag deur 'n trae verwagting by die publiek op te wek dat ou besems in nuwe voorhuise skoon sal veeg. Dit is die soort van optimistiese eksperiment waarvan niemand juis resultate verwag nie.**

Op hul beurt het die Opposisie 'n kleurmosie ingedien wat bereken is om die terrein voor te berei waarop die komende verkiesing hom moet afspeel. Albei kante het hul stellings bespied in voorbereiding vir die slag wat gelewer moet word.

### LIG GESTEEL

Dit lyk vir my asof adjunkpremier Jannie Hofmeyr die opposisieleier se kalklik gesteel het en met die louere van die debat weggeloop het. Mnr. Hofmeyr het geredeneer dat daar ten aansien van die kleurvraagstuk net twee oplossings is: (1) totale segregasie wat voorsiening maak vir 'n aparte en onafhanklike nie-blanke staat en (2) 'n gemengde witswart staat, met uiteindelik gelyke pligte en regte vir blank en nie-blank.

Die eerste oplossing verwerp mnr. Hofmeyr as gevaarlik en onprakties en nie ter sake nie — omdat dit in ieder geval nie die beleid van die H.N.P. is nie. Die tweede aanvaar hy omdat daar geen ander praktiese alternatief is nie en omdat dit verdedigbaar is op Christelike **en etiese gronde.**

### „BELEIDLOOS"

Aangesien die H.N.P. albei genoemde oplossings verwerp beskuldig mnr. Hofmeyr die opposisie dat hulle beleidloos is ten opsigte van die kleurvraagstuk; die nie-blankes hulle regte wil ontneem en aan vooroordele by blankes toegee en dit tewens opwek.

In die lig van mnr. Hofmeyr se veroordelings het dr. Malan se verweer dat hy voorlopig die bestuursmagte van die nieblanke wil inkort en dat hy

**Politiek in Oënskou deur Waarnemer**

daarna — nog vóór die verkiesing — sy konstruktiewe beleid sal aankondig nie oortuigend geklink nie.

### GEVAARLIKE KONSEKWENSIES

Twee onrusbarende feite het pertinent uit die debat geblyk. In die eerste plek is dit duidelik dat die oplossing wat die regeringsparty vir die kleurvraagstuk gekies het, onteenseglik moet lei tot die uiteindelike verdwyning van die kleurslagboom in ons land en voorts tot die vernietiging van die blanke se heerskappy. Dr. Malan is reg as hy sê dat sy mosie die noodlottigheid van die regeringsbeleid glashelder openbaar het.

**In die tweede plek is dit egter eweneens duidelik dat die Opposisie tot nog toe versuim het om die enigste alternatief vir die regeringsbeleid onomwonde te aanvaar en om dit in die vorm van 'n praktiese beleid voor die volk te lê.**

Die dooiepunt bly dus voortbestaan: Die regering huldig 'n noodlottige beleid. Die opposisie beveg dit hand en tand — en met reg. Op die tartvraag van die regering oor hul eie beleid antwoord die H.N.P. met voorstelle om sekere regte (soos bv. verteenwoordiging in die Volksraad) waarvan nie-blankes se verteenwoordigers misbruik maak, af te skaf of in te kort. 'n Eie, praktiese alternatiewe beleid bly uit.

### KOL. STALLARD

Net soos die Arbeidersparty van wyle mnr. Madeley het ook Kol. Stallard se party jongslede oor die kleurkwessie in duie gestort. Nou bepleit kol. Stallard 'n nuwe groepering van blankes wat eenders voel oor die kleurvragstuk — afgesien van verskille oor ander sake. **Dit is 'n stap in die regte rigting.** As die Opposisie hom nie sterk genoeg voel om met 'n rewolusionêre kleurprogram voor die dag te kom nie, moet hy noodgedwonge eers bondgenootskappe sluit om genoegsame kragte agter hom te skaar.

### AFRIKANERPARTY

Op 4 en 5 Februarie gaan die Afrikanerparty 'n Uniale kongres op Brakpan hou. Oënskynlik sal mnr. Havenga aldaar sy kragte monster. In Kaapstad het dr. Malan bekend gemaak dat hy en mnr. Havenga nog in Februarie die kwessie van seteltoekenning aan hul onderskeie partye gaan afhandel.

**Die finale toets vir die samewerking tussen die Afrikanerparty en die H.N.P. is dus ophande. Die Afrikanerparty het verrassend gegroei sedert die ooreenkoms tussen die twee leiers aangegaan is, en vandag is die Afrikanerparty 'n uniale party met honderde takke oor die hele land versprei.**

In V.P.-kringe word gretig gehoop dat dr. Malan die groei en krag van die A.P. sal misken deur hom 'n minimale parlementêre verteenwoordiging te gun. Die V.P.-propagandiste hoop dat dit tot 'n verbreking van die A.P.-H.N.P. ooreenkoms sal lei. Sulke verwagtinge is egter voorbarig.

Nòg van mnr. Havenga, nòg van dr. Malan het daar dusver enige uitlating gekom wat maar enigsins kan dui op moeilikhede in verband met die verdeling van setels. Daar is geen aanduidings dat die A.P.-H.N.P.-bondgenootskap nie die vuurdoop van setelverdeling sal kan deurstaan nie.

# BEKWAAMHEID TEL NIKS IN PARTYVERKIESINGS SÊ BLAD

**Kritiek op die stelsel van partynominasie waardeur nie altyd die beste man na die volksraad gestuur word om die volk te verteenwoordig nie, maar in die meeste gevalle mindere ligte wat onder die vaandel van die party die parlement binne ry, is deur die Kaapstadse oggendblad, „Cape Times," gelewer na aanleiding van die nominasie in die Tuine-kiesafdeling.**

**„Van die twaalf Verenigde Party-lede wat die Skiereiland verteenwoordig, is daar nie meer as vier of vyf wie se talente, ondervinding of bekwaamheid 'n minimum standaard bereik nie."**

„Dit is moeilik om te kan sien hoe die resultaat anders kan wees as die huidige nominasiestelsel behou word en die parlementêre leiers hulle ontsag behou vir die vreesinboesemende figuur ‚die sittende lid'. Die situasie is nie uniek in Kaapstad nie. **In Johannesburg by voorbeeld, is dit fantasties dat mnr. P. A. Moore, — die voorsitter van die Aandelebeurs, en voorheen skoolinspekteur, 'n man wat die party behoort te soebat om na die parlement te gaan — moeilikheid ondervind om as 'n kandidaat genomineer te word . . . .**

### GEEN SETEL

„Mnr. Robin Stratford, wat kop en skouers uitstaan bo die gemiddelde van die ‚sittende lede', het nog nie 'n setel gekry nie. Te oordeel na die intellektuele reuse wat so maklik na die parlement terugkeer deur middel van Natalse kiesafdelings, bestaan daar ook 'n dringende behoefte dat die nominasie-masjinerie in daardie provinsie hersien moet word," verklaar die Cape Times.

**„In die veilige setels sal baie van die persone wat genomineer word nie die geringste kans hê om die parlement te haal indien hulle bloot op grond van bekwaamheid gekies moes word nie."**

„Die gewone verdediging vir die stelsel is dat dit ‚demokraties is'. Ons moet nog leer wat so besonder demokraties is by 'n nie-amptelike plaaslike verkiesing wat gedomineer word deur plaaslike vooroordeel, vriendskap en vyandigheid waar 'n paar duisend inwoners op 'n toevallige kieserslys vir 10,000 kiesers bepaal wie die parlementêre verteenwoordiger sal wees", aldus die blad.

# Teringlyers Is Slagoffers Van Verdeelde Beheer

**Die teringhospitaal wat agtien maande gelede teen 'n bedrag van £40,000 by Beaufort-Wes voltooi is, staan tans nog leeg as gevolg van 'n administratiewe dooiepunt tussen die regering en die stadsraad van Beaufort-Wes.**

**Dit is moeilik om 'n beter voorbeeld te kry van die gevolge van verdeelde beheer oor gesondheid soos tans in Suid-Afrika in swang is. Die hospitaal wat deur die regering gebou is, moes deur die stadsraad bestuur word, maar nadat dit voltooi is, het die stadsraad verklaar dat die regering dit moet bestuur.**

Later is 'n voorstel gedoen dat die hospitaal as 'n inrigting van die Nelspoort-sanatorium beskou moet word, maar die owerheid op Nelspoort sê dat hulle nie genoeg personeel vir hul eie hospitaal het nie.

En ter wille van hierdie dooiepunt wat spruit uit 'n lamlendige administratiewe stelsel, is daar duisende teringlyers wat nie behandeling kan ontvang nie en aan genade van skelinge oorgelaat is.

# GANDHI SE DOOD EN INDIË SE TOEKOMS

Dit is nie moontlik om te voorspel watter invloed die dood van Gandhi op die politieke toestand in Indië sal uitoefen nie. Vermoedelik het die regering van Nehru rekening gehou met die feit dat Gandhi al in sy 79ste jaar was en dat sy heengaan dus te verwagte was. Maar sy gewelddadige einde het die massa van Indië so geweldig geskok dat 'n onverwagte reaksie kan ontstaan.

Gandhi was vir Indië die Mahatma — 'n soort van Christus. En dit geld nie alleen vir die Hindoes nie; ook die ander sektes het hom vereer met 'n godsdienstige liefde. Sy hele

Deur
**OUD-REGTER C. L. BOTHA**

lewe was gewyd aan die leer van Christus — Geloof, Hoop en Liefde.

As 'n mens 'n denkbeeld wil vorm oor die uitwerking wat die moord van Gandhi op die Indiese volk moet hê, dan kan dit gedoen word met 'n voorbeeld wat ons as Christenvolk sou voel, indien Christus op hierdie tydstip, nie met 'n kleine gevolg van dissipels nie, maar as Gods Seun van die hele Christendom gekruisig sou word.

### ONTPLOFBAAR

Daar is al reeds genoeg ontplofbare materiaal in die Indiese toestande en die moord van Gandhi kan die hele struktuur in die lug laat vlieg as alle leiers in Indië nie saamspan om dit te verhoed nie.

Oppervlakkig beskou, gee hierdie toestand grond vir die bewering van die Imperialiste dat die terugtrekking van Engeland uit Indië gevolg sou word deur burgeroorlog, wetteloosheid en chaos. In werklikheid is dit egter nie so nie. Die ontplofbare materiaal, die onenigheid, die twis, het bestaan ten tye van die Britse „Raj". Die saad daarvan was gesaai deur die feit dat daar 'n Britse oorheersing in Indië was, onder die leuse **divide et impera** het die regering bewus verdeling gestig en aangemoedig. Maar dit was nie gedaan met slegs 'n boosaardige doel nie. Die ontwikkeling in Indië, net soos oral in die wêreld, het ná die Eerste Wêreldoorlog, met rasse skrede toegeneem.

### IN TRONKE

Om sy posisie te handhaaf, was die regering verplig om teen die toenemende teenstand van die kant van Indiese leiers strenge maatreëls te neem. Geen wonder dus dat al die Indiese voormanne soos Nehru jare lank in die gevangenis moes deurbring, en Gandhi was die eerste Indiër wat die Britse Ryk met sy nederige, duldsame, lydelike verset uitgedaag het — ook hy het jare lank in die gevangenisse geleef.

Vir Suid-Afrika is dit lewensgewigtig om Indië en die Indiërs beter te leer ken. Nie deur propaganda nuusbladartikels en boeke te lees wat die saak voorstel as of die terugtrekking van Engeland die ramp vir Indië is nie. Ons kry lang verslae oor wat Sastri sê, oor die groot invloed wat die Aga Khan het. Sastri was 'n liberalis wat net 'n klein groepie intellengentsia en baantjie soekers verteenwoordig het.

Van die Aga Khan word gesê dat hy in Engeland woon, dat hy ten tye van die Ronde Tafelkonferensie 'n bekwame verteenwoordiger van Imperialistiese Engeland kon wees maar ironies genoeg aan die tafel gesit het as verteenwoordiger van Indië.

### STERK LEIERS

En dan moet ons ophou om te dink dat Indië bewoon word deur koelies. Vyftig jaar gelede het ek Indië besoek. Tot my verbasing het ek pragtige geboue — nie deur die witman gebou nie — en die hoogste beskawing gesien. Die massa van die volk het geleef in die grootste armoed en ontbering. Maar hulle het geweet om te werk. Werk was geen skande nie. Die Twintigste Eeu het groot ontwikkelings meegebring. 'n Vierhonderd miljoen volk; 'n volk met 'n beskawing wat ouer is as ons Europese beskawing; 'n volk wat kan en wil werk, weet dat hy 'n krag kan ontwikkel wat die hele magsverhouding in die wêreld kan verander.

Om van dit alles slegs 'n voorlopige begrip te kry, is dit net nodig om die autobiografie van Jawabarloe Nehru te lees. Daaruit sal dit vir ons duidelik word:

(1) Dat dit onder geen omstandighede vir Engeland moontlik was om Indië baie langer te beheers nie.

(2) Dat Indië genoeg eersterangse staatsmanne het om die warboel wat daar nou heers die hoof te bied en op een of ander manier uiteindelik vrede en voorspoed te stig.

# Agent Vra £50 Vir Woonstel Se Sleutel

**As mens genoeg geld en die regte vriende in Kaapstad het, dan is dit blykbaar nie te moeilik om 'n woonstel in die hande te kry nie, na dit blyk uit gevalle waarvan Die O.B. kennis dra.**

'n Paartjie wat 'n paar maande gelede wou trou, het oral tevergeefs rondgeval om 'n geskikte plek te kry om hulself te vestig. Die kontroleur van behuising kon hulle ook nie help nie omdat daar baie gevalle is wat dringender is as hul geval. Desperaat het hulle naderhand al hul vriende versoek om as hulle van 'n plek hoor, hulle dadelik in kennis te stel. Onder hierdie vriende was 'n agent wat belowe het dat hy hulle sou help. Binne 'n paar dae nadat sy hulp ingeroep is, het hy hulle in kennis gestel dat hy 'n woonstel in Van Bredastraat beskikbaar het.

Hulle is sonder versuim na hierdie vriend en nadat alles gereël was, het hy verklaar dat daar een persoonlike sakie is wat hulle nog moet afhandel: Om vir sy moeite te vergoed, wou hy £50 hê voordat hy die sleutel oorhandig.

Hulle het egter geweier om dit te doen en so was hulle die woonstel kwyt. Daar woon vandag ander mense in hierdie woonstel. Miskien was hulle bereid om te betaal.

### ENGELSE VRIENDIN

'n Ander geval waar persone 'n woonstel in Fresnaye sonder die medewete van die kontroleur gekry het, het ook onder die aandag gekom. Die eienaar van hierdie blok woonstelle is 'n groothandelaar. **Hy het 'n woonstel aan 'n Engelssprekende vriendin en haar eggenote belowe en sy belofte nagekom sonder dat die kontroleur daarvan kennis dra. Hulle woon vandag hoog en droog in die woonstel terwyl duisende ander wie se name tot soveel as twee jaar op die waglys is, vandag nog wag sonder enige hoop om gou geholpe te raak..**

'n Dame het 'n paar dae gelede by die kontroleur in Kaapstad gaan navraag doen oor wat die moontlikhede is om 'n huis in die hande te kry. Sy beweer dat sy haar naam agtien maande gelede op die waglys laat plaas het. Die kantoor was egter nie in staat om haar lêer op te spoor nie. Sy moes maar tevrede wees om haar naam wat taamlik voor moes gewees het, weer onder aan die lys te laat plaas.

### IMMIGRANT

Die kontroleur van behuising in Durban het die afgelope week verklaar dat 'n immigrant hom 'n rol note aangebied het vir 'n woonstel. „Ek is nou spyt dat ek hom nie laat vervolg het nie", het hy verklaar.

Sommige persone probeer huise kry deur aan die kabinetsministers te skrywe. Sulke pogings is egter dood gebore aangesien al die briewe terug na die kontroleur verwys word en hy al sulke sake besleg.

# BRITTE RUIL NOTE UIT VIR SILWER

**As gevolg van die finansiële krisis in Brittanje vrees die Britse volk dat die note wat tans in omloop is, dalk waardeloos mag word en ruil duisende Britte weekliks hulle note by die banke uit vir silwergeld. Sedert Kersfees is niks minder as £60,000,000 se note by die bank ingeruil en daar is geen aanvraag vir note nie.**

Daar word weekliks £25,000,000 se note aan omloop onttrek en die kontant wat vandag in Brittanje sirkuleer, is minstens £80,000,000 minder as 'n jaar gelede. Terselfdertyd word silwergeld al skaarser en skaarser.

Die toestand het reeds so erg geword dat die hoofsweep van die Britse Arbeidersparty onlangs in die laerhuis hom daarteen moes uitlaat — blykbaar sonder sukses.

## *Anti-Semitisme In Brittanje*

Daar word in die 1947-verslag van die Sionistiese Federasie van Groot-Brittanje melding gemaak van die steeds toenemende anti-Semitisme in Brittanje.

Die verslag maak melding daarvan dat die sinagoges ontheilig is, anti-semitiese plakkate meer voorgekom het, terwyl sekere soorte koerantberigte haat en misverstand bevorder het.

Brittanje mag wel 'n vennoot van die Jode gewees het in die daarstelling van 'n Joodse gemenebes, maar Britse Jode staan voor die werklikheid dat Brittanje se beleid verkeerdelik opgevat en kwaadwillig uitgevoer word, aldus die verslag.



Springbok




Die Sportman se Sigaret

20 vir 1/- MET EN SONDER KURKMONDSTUK OOK IN PAKKIES VAN 10 EN 50 U/S.327

**BRUIN SWITSERSE BEESTE**
**TEN VOLLE GEREGISTREERD.**
Die **WINTERBERG-STOET** van Geregistreerde Bruin Switsers bied jong Bulle, 'n paar Verse en ou Koeie — almal geregistreer — te koop aan. Alle beeste is teen Galsiekte ingeënt.
**Pryse op aanvraag. — Besigtiging verwelkom. Doen aansoek:**
**G. J. VAN DE VYVER, Drieshof, P/s. Adelaide.**



KOOP DEUR DIE POS VAN EXCELSIOR

Hierdie Welbekende POMPSTOFIE — DIE **OPTIMUS** is nou weer verkrygbaar

PRYS slegs 32/10

Ons bied u 'n volledige reeks van gereedskap. Vra om ons jongste pryslyste. Die volgende is slegs 'n paar van ons Winskopies.

| | |
|---|---|
| DRAADTREKKER | 33/4 |
| SKAAPSKÊRE | 8/- |
| STORMLANTERNE | 11/4 |
| OPTIMUS BLAASLAMPE | 37/4 |
| FLITSLIGTE, 2-sel | 7/4 |
| FLITSLIGTE, 3-sel | 13/4 |
| GRASPERK-SKÊR | 10/- |
| MOTORDOMKRAG (Hidrolies) ... 2-ton 31/4, 3-ton | 55/- |
| ELEKTRIESE SOLDEERBOUT | 26/8 |

EXCELSIOR POSBESTELLINGSDIENS
(Excelsior Meubels Beperk)
Pleinstraat 40 — — — Johannesburg

„Die O.B.", WOENSDAG, 4 FEBRUARIE 1948

# SIF PAMPOENKOPPE

Die Cape Times het verlede week 'n groot ontdekking gedoen toe 'n kandidaat die paal gehaal het in 'n kiesafdeling waar hy iemand anders wou gehad het. Die ontdekking is dat die huidige „demokratiese" metode van aanwysing van kandidate deur lede van 'n party glad nie bevorderlik is vir die welvaart van die land nie, **dat dit, om dit maar pront uit te druk, eintlik ten gevolge het dat pampoenkoppe na die parlement gestuur word.**

Die blad het, soos een senator — wat nou veilig verhewe sit bo die spatsels van kandidaatspelery — dit uitgedruk het, 'n klip tussen 'n klomp honde ingegooi, en 'n getjank sal wel verwag kan word. En dit het getjank! 'n Hele ry L.V.'s van die Verenigde Party het die volgende dag die skoen probeer uittrek wat hul persorgaan so sinies voor hul deur neergesit het. Selfs die geskiedrolle van die parlement is opgediep om te bewys dat sommige van Kaapstad se parlementslede nie pampoenkoppe was nie, want hulle het die Smutskabinet gehaal! Die Cape Times se oorwoë bevinding lui egter:

> „Van die Verenigde Party-lede wat die Skiereiland verteenwoordig, is daar nie meer as vier of vyf wie se talente, ondervinding of bekwaamheid 'n minimum-peil behaal nie".

**Van die „vier of vyf" wat wel die „minimum-peil" behaal, het genl. Smuts drie tot kabinetsministers bevorder — inderdaad geen wye keuse vir 'n Eerste Minister nie!**

**BESTE BREIN BUITE**

Is die keuse vir genl. Smuts beperk, nog meer beperk is die keuse vir die volk. Die Cape Times het dit net oor die nominasie van V.P.-kandidate vir veilige setels, en hy beskou dit as nie in belang van die land nie. Die tweede beperking kom nou waar dit die goeie lede van ander partye betref. Die blad noem 'n stuk of vyf opposisie-name wat hy as 'n verlies vir die land sou beskou indien hulle by 'n verkiesing verslaan sou word. **En tog laat die parlementêre stelsel toe dat hierdie stuk of vyf politieke sterre eerstens uitgesluit word van die landsbestuur, omdat net die oorwinnende party se lede vir regeringsposte in aanmerking kom, en tweedens, in gevaar gestel word om deur mindere ligte of pampoenkoppe namens die ander party verslaan te word. In die derde plek is daar talle van die land se beste brein wat nie eens vir opposisie-maak in aanmerking kom nie omdat hulle nie bereid is om tot die peil te daal wat van 'n kandidaat verwag word indien hy 'n partypolitieke verkiesing wil wen nie — soos een van die senators in die Cape Times dit gestel het:**

> 'n Hele aantal manne wat bekwaam is vir die openbare lewe, is nie gewillig om met die hoed in die hand rond te stap om stemme te werf en babas te soen nie.

**Met ander woorde die huidige parlementêre stelsel met sy siftingsproses wat uiteindelik net diegene laat oorbly wat bereid is om „babas te soen", en in die praktyk die bewys, vir selfs die Cape Times, lewer dat van elke twaalf lede sewe of agt pampoenkoppe is, is 'n stelsel wat hoegenaamd nie op grond van verdienste aanbeveel kan word nie.**

# EINTLIK BESORGD OOR SELFBEHOUD!

Min. J. H. Hofmeyr het in die verlede daarin geslaag om 'n groot aantal objektiewe persone in die land onder die indruk te bring dat sy kleurbeleid 'n eerlike uitvloeisel is van sy Christelike beginsels soos hy dit vertolk en in dié opsig kon hulle waardering vir sy standpunt gehad het, hoewel hulle grondig van hom mag verskil. 'n Mens het altyd respek vir 'n eerlike mening, al wyk dit hoe radikaal ook af van jou eie.

Die antwoord van min. Hofmeyr op die volksraad-debat oor die kleurvraagstuk moes egter 'n hele paar van die Minister se bewonderaars onaangenaam verras het. Op 'n onbewaakte oomblik het die min. Hofmeyr van sy hoë beginselstoel afgetuimel en op die misvloer van die partypolitiek beland. Die Minister het dit naamlik oor segregasie gehad, wat hy erken as „'n aantreklike beleid", maar as onuitvoerbaar verwerp. En toe kom die volgende argument uit die mond van die kampioen vir Christelike regte:

> „Die toepassing van so 'n beleid sal 'n baie gevaarliker toestand laat ontstaan as die huidige. Die ontwikkeling van naturellegebiede sal beteken dat die naturelle daar in toenemende mate bewus van hul eie krag sal word."

**Met ander woorde, min. Hofmeyr misgun die naturel 'n aparte ontwikkeling nie omdat hy dit as onchristelik beskou nie, maar omdat hy die naturel swak wil hou. Die liberalisme van min. Hofmeyr is dus nou nie meer 'n uitvloeisel van onselfsugtige mensliewendheid nie, maar is 'n berekende politiek om die nie-blanke onder te hou. En daarin verskil dit baie weinig van die liberalisme van ander teenstanders van segregasie wat eintlik meer bekommerd is oor die verlies van „goedkoop" arbeid as oor die welvaart van die nie-blanke.**

(Vervolg in volgende kol.)

Vir die hoë etiese beweegredes van min. Hofmeyr kon mens nog altyd respek gehad het, hoewel dit misplaas was; vir sy politiek om selfbehoud kan mens net lag kry, want verbeel jou: Die geleidelike gelykskakeling van 10 miljoen naturelle met 2 miljoen blankes binne een staat en een samelewing is die oplossing vir die gevaar dat die blankes van buite oorstroom kan word deur 'n bewusgeworde naturelle-gemeenskap!

**Blykbaar verkies min. Hofmeyr om liewer binne in sy bed doodgelê te word deur 'n gevaar as om dit op 'n afstand te hou en, indien nodig, op daardie afstand te beveg.**

## *Die Naturel en Ons*

# HUIDIGE „SEGREGASIE" VAN HUL KANT BESIEN

**Laat ons vir 'n oomblik ons voordele opsy sit — die van ons wat dit het — en ons probeer indink in die posisie van die nie-blanke in ons land. Laat ons van sy kant besien of daar grond vir ontevredenheid teenoor die blanke bestaan. 'n Bietjie bepeinsing in die rigting sal ons baie gou laat besef dat die nie-blanke in vele opsigte inderdaad behoefte aan simpatie het. Die ou fabeltjie van die seuntjie wat in sy hond verander het, kan ongetwyfeld met heelwat vrug in gewysigde vorm in Suid-Afrika ter harte geneem word.**

As ons die lewenstandaard van die nie-blanke in die stede vergelyk met dié van ons, vrees ek sal baie van ons die kop in skaamte laat sak. Dit help nie om aan te voer dat die nie-blanke nie aan dieselfde standaard gewoond is nie en daarom nie ongelukkig hoef te voel nie. Dit is wel waar dat die naturel in sy eie tuiste nie aan veel geriewe gewoond is nie en tevrede is om sy geluk uit sy eie leefwyse te put, **maar die feit is dat ons die nie-blanke in ons midde die weelde van Europese beskawing voor oë sprei, dat ons hom laat smaak van ons kultuurgoedere, maar sodra hy dit wil toe-eien die deur vir hom sluit.**

**SAL ONS?**

Laat ons onself vir 'n oomblik plaas in die posisie van die nie-blanke. Laat ons ons voorstel dat 'n vreemde menseras van die een of ander wêreld waar hulle reeds hul atoomeeu agter die rug het, hul intrek by ons kom neem. Aanvanklik sal ons tevrede wees om sy meerwaardigheid te aanvaar, maar na die mate wat ons ook van sy kennis vergader en bewus word van ons eie vermoë in die nuwe lewensfeer, sal ons nie bereid wees om in ons aspirasies gedemp te word deur allerlei beperkende maatreëls nie. **Sal ons by voorbeeld bereid wees om die „segregasie" te aanvaar van die andersoortige ras wanneer segregasie beteken ongeskoolde arbeid in sy atomiese wêreld, en daarmee gepaardgaande pondokkies vir ons? Sal ons segregasie aanvaar wanneer dit beteken geen toegang tot die strand behalwe tussen visserskuite? Wanneer dit beteken dat hy die reg het om op my bank by 'n spoorwegstasie te gaan sit, maar ek nie op syne nie? Wanneer hy my uitjaag as ek in sy hyser klim, maar hy kort daarna geen beswaar toon om langs my te kom staan in my hyser nie — of, nog erger, my daaruit kom verdring?** Sal ons segregasie aanvaar wanneer segregasie beteken dat goeie musiek- en opera-uitvoerings vir die ander ras voorbehou word al ken ons die musiekmeesters soos vriende? Of sal ons in so 'n geval nie ook maar die kort pad na die badkamer neem met 'n stukkie wurgtou soos onlangs met 'n begaafde jong Kleurling gebeur het nie? Van hierdie 17-jarige Kleurling word vertel dat hy ure voor die klavier deurgebring het met die speel van sonatas van Beethoven en ander meesters van die musiekwêreld waarheen hy gevlug het van 'n wêreld wat vir sy talente geen

*Deur*
*N. G. S. v.d. Walt*

plek gehad het nie. **Want aan hierdie jong Kleurling het ons die reg vergun om te proe aan ons kultuurgoedere, ons het voor sy oë die rykdom van ons geestelike besit uitgesprei, maar ons het daaroor geskrywe: „Vir Blankes Alleen".**

**DIE AFGROND**

As mense van 'n ander wêreld na ons toe kom en dieselfde doen met ons, sal ons dit aanvaar, of sal ons nie maar ook uiteindelik liewer die pad na die afgrond kies as die enigste oplossing — die pad na dronkenskap, die pad van opstand wat ons met guerrilla-metodes in ons misdaadbendes volg nie?

**Want afgesien van watter ander beweegredes daar ook al mag wees, vir baie nie-blankes is misdaad 'n rebellie teen 'n toestand waarmee hulle hul nie kan versoen nie.** 'n Speurder vertel dat hy eenmaal 'n naturel vir 'n misdaad in hegtenis moes neem. Dit blyk toe dat die naturel 'n universitêre opleiding gehad het. „Jy is so goed geleerd, waarom doen jy sulke dinge?" het hy gevra.

Die antwoord van die naturel was 'n vlymende verwyt: „Julle het my geleerdheid gegee, maar julle gee my geen geleentheid nie. Wat kan ek nou anders doen met my verstand as om misdaad te pleeg?"

Laat ons sy kant van die saak probeer insien, en as ek dit hier probeer stel, is dit hoofsaaklik 'n aanklag teen die dubbelslagtige beleid — of moet ons sê beleidloosheid? — wat op die oomblik gevolg word, waarvan niemand kan sê of dit segregasie of assimilasie is nie. Ten opsigte van sekere lewensterreine is daar skeiding, en ten opsigte van ander weer vermenging — sonder enige sin of logika. Die naturel word toegelaat om homself tot 'n sekere hoogte te vereenselwig met die blanke lewenswyse, die blanke kultuur en die blanke ekonomie, **maar dan stuit hy teen 'n muur wat nie net skeiding maak tussen hom en die blanke op sosiale, politieke en ekonomiese gebied nie, maar veral tussen hom en sy geestelike toerusting.** Hy word naamlik toegelaat om dieselfde onderwys te geniet as die blanke; hy gaan na dieselfde universiteit, hy verdiep hom in dieselfde wetenskap, dieselfde kultuur, **maar as hy daar uitkom met 'n Europees-ontwikkelde smaak, dan wag daar vir hom 'n toekoms van ongeskoolde arbeid en 'n loon in ooreenstemming daarmee.**

**Met ander woorde, hy het geleer om die lewe te sien soos 'n beskaafde, maar hy word gedwing om dit te voer soos 'n barbaar — ver benede die peil van die blanke wat hy met akademiese toerusting oortref.**

**GEEN KANAAL**

Die posisie is dus so dat ons terugdeins daarvan om die naturel 'n eie tuiste te gee waar hy 'n eie toekoms kan uitwerk langs die blanke met dieselfde lewensmoontlikhede, en dan gee ons hom geleerdheid en beskawing binne die blanke staat waarin hy hok geslaan word om elke draai. **Ons bied hom die kennis van die Europese beskawing, maar ons ontsê hom die gebruik daarvan.** Aan ons universiteite ontwikkel ons by hom die smaak vir blanke kultuur, maar as hy by voorbeeld wil instap by 'n opera-uitvoering, dan keer ons hom voor, en stuur hom na 'n „Wild-West"-prent in die agterbuurt. Ons lei hom op as tegnikus, maar as hy wil instap by 'n fabriek, gee ons hom 'n kruiwa om te stoot. **Ons bied hom geen kanaal waarlangs hy dit wat hy van ons beskawing ingeneem het, weer kan uitlei in 'n produktiewe lewe nie. Ons plaas hom in 'n ysterbuis en dan voer ons hom vet op alles wat ons beskawing bied. Is dit dan te verwonder dat hy hom later geknel begin voel onder ons voogdyskap en vir bevryding elders heen kyk?**

Diegene wat kennis neem van wat naturelle skryf, kom diep onder die indruk dat ons hier met mense te doen het wat 'n eie sielelewe het wat van ons weens lewensaard verskil, maar in wese gedra word deur dieselfde emosies van liefde en haat, van genot en smart — van selfbehoud. **En as ons dit nie moontlik maak vir hulle om uiting te gee aan die kultuuren lewensdrange binne hulle nie, dan lê ons beslag op die gees van 'n volk wie se welvaart en ontwikkeling in ons hande geplaas is, en ons stel ons bloot aan die wrange vergelding wat daarop moet volg.**

**'N PLIG**

As ons voogdyskap wil aanvaar oor die nie-blanke sal ons moet besef dat daardie voogdyskap nie 'n reg op goedkoop arbeid is nie, maar in die eerste plaas 'n plig om die nie-blanke 'n eie bestaan te laat uitwerk, want ook hy het 'n roeping en nie net ons nie — en sy roeping lê seker en beslis nie net in ons kombuis en rondom ons parskuipe nie. Ons sal as volk rekenskap moet gee van hoe ons ons mandaat gebruik het — daardie mandaat wat ons so ligtelik van praat as die fakkel van beskawing wat ons moes dra na die binneland van Afrika. **En as ons die dreigende onheile sien opstapel waarin ons vandag die ondergang van die blanke bestaan in Afrika begin speel, moet ons onsself afvra of ons nie daarin ook lees die handskrif van God wat ons herinner aan sy gelykenis van die slegte landbouers nie: „Hy sal kom en die landbouers ombring en die wingerd aan ander gee."**

En as ons hierdie mandaat wil uitvoer is daar net twee weë oop: Ons al òf soos die liberalis die naturel moet aanvaar as 'n integrale deel van die Unie se burgerlike bevolking en dan sal ons hom uiteindelik gelyke politieke en ekonomiese regte moet gee — anders is dit onder-

(Vervolg op bls. 6)

# Goudlening Aan Brittanje Is Groot Liefdadigheid

**Verskillende aspekte van ons goudlening aan Brittanje is die afgelope week in die parlement na vore gebring toe 'n wetsontwerp ingedien is om die lening te bekragtig. Dit het geblyk dat die regering nie van voorneme is om op sy regte te staan ten opsigte van die Britse boikot van die Suid-Afrikaanse uitvoer na sy kolonies nie. Origens was dit duidelik dat die hele ooreenkoms 'n kolossale stuk liefdadigheid aan Brittanje gaan wees.**

Die gewese Minister van Finansies, mnr. J. H. Hofmeyr wat die wetsontwerp deur die raad loods, het verklaar dat ten spyte van groot uitgawes soos die betaling van Suid-Afrika se bruikleenskuld aan Amerika, ons aan die einde van 1947 £248,000,000 aan goud, sterlingbalanse en buitelandse betaalmiddels gehad het. Dit was meer as in die begin van 1947. **Ons het egter £43,500,000 minder aan goud gehad as aan die begin van verlede jaar en die jaar 1948 begin met 'n goudreserwe van £187,000,000.** Dit beteken 'n dekking van 73½ persent teenoor die wetlike vereiste van 30 persent. „Ons het dus baie goud wat nutteloos lê en broodnodig vir die wêreld is."

### KRY MEER GOUD

Die lening maak voorsiening om £80,000,000 in goud aan Brittanje te leen wat oor 'n tydperk van drie jaar terug betaal moet word in goud. Engeland moet dan oor 'n tydperk van drie jaar £12,000,000 se goedere jaarliks van Suid-Afrika koop. **Daarvoor sal nie uit die lening betaal word nie. Die betaling sal met sterling geskied. Engeland sal ook goud kry vir die goedere wat ons van hom koop. Hoe meer Brittanje dus aan ons verkoop en ons daardeur in staat stel om meer goud te produseer, des te meer goud sal Engeland van ons kry.**

### IN STERLING

Een van die voorwaardes van die lening is dat sodra ons goudreserwe benede £100,000,000 daal, Suid-Afrika terugbetaling van die lening, gedeeltelik in sterling, binne die loop van die drie jaar kan eis.

Dr. A. J. Stals, L.V. vir Ceres, het beswaar gemaak teen die lening op grond van die feit dat Suid-Afrikaanse belange nie genoeg beskerming geniet nie. Brittanje het geen reg om liefdadigheid van ons te eis nie. Die lening moet beskou word as bloot 'n besigheidstransaksie. **Brittanje is vandag 'n lener oor die hele wêreld en daar is sterk sprake dat hy van sy sterlinglenings sal afskryf.** Spr. het gesê dat sy party nie beswaar maak dat die lening aan Brittanje toegestaan word nie, maar ons eie belange moet beskerm word.

Vir Suid-Afrika is die lening meer as 90 persent onveilig. Dr. Stals het voorgestel dat die lening alleen goedgekeur kan word as Brittanje onderneem om sy verbod oor die aankoop van skoene en komberse in Suid-Afrika op te hef en as hy onderneem dat sy kolonies die Unie se produkte nie boikot nie.

### 5 MAAL GROTER

**Dr. T. E. Dönges, L.V. vir Fauriesmith, het verklaar dat die lening van £80 miljoen gelyk staan aan 13.1 persent van ons volksinkome. Die Amerikaanse lening aan Brittanje is slegs 2.3 persent van die volksinkome. In verhouding is ons lening dus vyf maal groter as dié van Amerika en dit sluk ruim 41 persent van ons goudvoorraad in.**

**Wat meer is: die V.S.A. het 'n gunstige handelsbalans van £2,000 miljoen per jaar terwyl ons 'n ongunstige balans van £85 miljoen per jaar het.**

### WAARDELOSE BEPALING

Die bepalings van die lening beteken nie dat ons uitvoer na Brittanje verhoog word nie. **Dit bepaal slegs dat Brittanje £12,000,000 per jaar moet koop, terwyl ons uitvoer na Engeland gedurende die eerste helfte van 1947 reeds teen 'n koers van £21 miljoen per jaar geskied het.**

## Spanje Reik Hand Van Vriendskap

Spanje het 'n nota aan Frankryk gestuur waarin verklaar word dat as gevolg van die spannende internasionale toestand, dit nodig is dat Spanje en Frankryk weer hul betrekkinge moet herstel. Daar is ook verklaar dat die grens tussen Spanje en Frankryk, wat al twee jaar lank gesluit is, weer oopgestel moet word.

Die nota verklaar ook dat dit Spanje se laaste poging is om die dooiepunt tussen die twee lande op te hef.

## Mev. H. van Rooy Oorlede

Mev. H. van Rooy, wat 'n tyd lank as kommandante aan die hoof van een van Pretoria se vrouekommando's gestaan het, is Vrydagoggend, 30 Januarie, oorlede.

Haar gesondheid het baie agteruitgegaan gedurende die oorlogsjare toe beide haar broer, mnr. Piet Heslinga, en haar eggenoot, mnr. Marthinus van Rooy (broer van die Jeugleier, genl. Dirk van Rooy) sonder verhoor geïnterneer was. Sy laat haar eggenoot en vyf dogtertjies (die jongste 'n suigeling) na om haar heengaan te betreur.


Van O.B.-kant word opregte meegevoel betuig met die familie.

## Slagters Ontduik Beheer

Daar is duisende slagters in die Unie oor wie die Vleisraad geen beheer het nie en hoewel kwotas aan hulle toegeken word is dit onmoontlik om vas te stel of die slagters hulle aan die kwotas hou, het mnr. J. H. Moolman namens die Nasionale Wolkwekersvereniging gesê toe hy getuienis afgelê het insake die Bemarkingswet.


*Verseker u Toekoms*
deur die Eienaar te word van
**VASTE EIENDOM**
★ BOUPERSELE
★ WOONHUISE
★ PLASE
★ BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON
Raadpleeg —
**J. (Kotie) THERON**
Posbus 78 Foon 0028
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG, STRAND

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
**WERDA Meubelhandelaars**
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

**Is Medisyne Noodsaaklik?**
*Die Natuurwetenskap sê nee!*

**Die Bron van Siekte**
BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES
Met Verbasende Uitslae
GEEN MEDISYNE!
GEEN OEFENINGE!
Die Hardnekkigste Kwale swig
Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.
Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.
**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**
Posbus 1336 — KAAPSTAD

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

**W. A. VENTER en KIE.**
*Algemene- en Houthandelaars*
POSBUS 49 - - NEWVILLE - - JOHANNESBURG

Kwotasies word hiermee gevra vir die lewering van Vuurmaakhout. Kwotasies moet uitgemaak word per tien ton Spoorwegtrok.

**Kwotasies word ook gevra vir die lewering van Kraal- en Stalmis. Kwotasies moet uitgemaak word per kwart, halwe of hele tienton Spoorwegtrok.**

Spoorvrag sal deur ons betaal word.

Ons onderneem om binne 'n Radius van 200 myl van Johannesburg Krale self skoon te maak i.v.m. mis. Hier word dan kwotasies gevra per kraal.

**Ons koop ook bene. Ons betaal 7/- per 100 lb.** Maak u plaas skoon en stuur die bene na ons. Die bene moet aangestuur word aan **W. A. Venter en Kie., Newcastle Stasie, Tvl.** — en 'n getekende kopie van die vragbrief aan W. A. Venter en Kie., Posbus 49, Newville, Johannesburg. Die bene kan K.B.A. aangestuur word per goederetrein. Leë sakke waarin die bene aangestuur sal word, sal kosteloos teruggestuur word.

Afrikaners ondersteun 'n suiwere Afrikaanse Besigheid. Skryf onmiddellik i.v.m. die kwotasies **aan Die Bestuurder, W. A. Venter en Kie., Posbus 49, Newville, Johannesburg.** Ons dank u by voorbaat!


# Verskil van Artikel

Mnr. Johann A. Landman, Koppiealleen, oor Vryheid, skryf:

As getroue leser en ondersteuner van die O.B.-beleid vanaf sy ontstaan voel ek verplig om my afkeuring te kenne te gee met betrekking tot die artikel wat in Die O.B. van 14 Januarie verskyn het onder die hoof „nuwe gees is nodig in ons rasseverhoudings". Op my beurt sou ek sê „nuwe optrede is nodig in ons rasseverhouding. Die skrywer van bogenoemde artikel het seker nie daaraan gedink wat die verhouding in getalsterkte is van swart teenoor die handjievol blankes in Afrika nie, waaronder nog so vele kafferboeties is soos sy vriend Hofmeyr na wie hy in sy artikel verwys. Weet hy dan nie dat Jan Taks kleurblind gebore is nie? Ons kan al baie jare gelede die swart gevaar, wat nie net ons in die Unie, maar die hele blanke Suid-Afrika bedreig sonder om 'n verkyker te gebruik, raaksien. Die SAP-regering het reeds vir die naturelle en kleurlinge so 'n hemel op aarde geskep om hulle liefde en samewerking te wen, hulle geleer om oorlog te voer teen wit nasies en met blanke vroue en meisies om te gaan, en watter hoop het my vriend die skrywer om op 'n nuwe manier die welwillende medewerking van die naturelle te wen? My vriend ken die swart ras maar baie sleg as hy dink dat hulle ooit weer die deel van die hef wat reeds in hul hande gegee is, gewillig sal los; hulle sal desnoods geweld gebruik om in besit van die hele hef te kom, en laat ons liewer rassehaat en partysake dwarsdeur die hele Afrika op die agtergrond skuif, om as daardie dag aanbreek slaggereed te kan wees om vir goed en vir altyd 'n einde te maak aan die gevaar wat wit Suid-Afrika bedreig.

Soos Stalin se Kommunisme vandag reeds die Westerse volke saamdryf en dwing om hulp by die Hitlers te soek, net so sal Kommunisme al wat wit wil wees in Suid-Afrika saamdryf om die naturelle-vraagstuk dwarsdeur Afrika op te los, want onthou die Rooi vloedgolf sal weldra saam met die swart golf verenig wees en hulle sal saam moet uitgeroei word.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

### VOLKSEENHEID

„Koffiefontein-Gandhi — Nr. 2089/'42, skryf:

My ou naamgenoot is vermoor! Vir sy volk was hy 'n groot leier! Hy het gesterf vir sy jongste ideaal en dit is die grootste wat enige volksleier kan nastrewe, nl. **„Volkseenheid".** Vir wat hy vir sy volk gedoen en verkry het, wil ek as blanke buitestaander tog 'n kransie op sy graf lê. Die skade wat hy deur sy invloed onlangs my volk aangedoen het, was nie baie nie, en sal ek probeer vergeet, aangesien ek oortuig is dat hy dit goed bedoel het vir sy eie mense. Ek wonder maar steeds hoever dit nou hier by ons met volkseenheid staan?


**A.V.B.O.B.**
Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

## VERLOWING

**MÖLLER—MEYER.** — Oud-geïnterneerde mnr. Rud Meyer en mev. Meyer van Seven Oaks, Natal, maak bekend dat hulle dogter, Eugenie, verloof is aan oud-geïnterneerde, Johann Möller, van Johannesburg. 4/2/1.

**VAN SCHALKWYK—NEL.** — Ons twee, Hester en Koos, albei van Nieuwoudtville, maak bekend dat ons op 24 Januarie 1948 verloof geraak het. 4/2/1B.

## HUWELIK

**Vir Partytjies,** resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner-Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## DOODBERIG

**DU PLESSIS.** — Nadat sy by ons vir 20 jaar 6 maande en 9 dae gebly het, het dit die Heer behaag om op 20 Januarie 1948 van ons weg te neem my dierbare eggenote en ons moeder, Johanna Christina Maria, in die ouderdom van 40 jaar 11 maande en 1 dag.

Sag en stil het sy heengegaan sonder groet of vaarwel.—**J. J. DU PLESSIS EN KINDERS,** Elandsberg, Sutherland. 4/2/1B.

## BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.**—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

**VRUGTEBOME.** — Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar ....die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. AA/26/3/TK

## GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:—**VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Carlstraat 574, Pretoria. 3/12/TK.

## HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

**MEUBELS.** — Bespaar honderde ponde deur u meubels direk van die fabriek, **k.m.b.,** te koop.
**Raadpleeg: NIEK NEETHLING,** Hoofstraat 347, Foon 1253, Paarl. 19/11/TK.

**MEUBELS.**—Ons sal u huis of kantoor volledig Meubileer teen billike maandelikse paaiemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminiumkastrolle in stelle van 3, ens.—**UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.,** Victoriaweg 171, Woodstock. 12/11/TK

## PENMAATS

**DUISENDE** meisies en kêrels wil graag korrespondente hê. Streng vertroulik. Stuur gefrankeerde koevert om gratis besonderhede aan:—**DIE POSDUIF - KORRESPONDENSIE-KLUB,** Posbus 5, Lothair. 10/12/4B.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET.** — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

**VRIENDE** ek vra u ondersteuning. Bestel van my mooi sout, in goeie graansakke: A.1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 48/-, per ton. Onmiddellike versending, tevredenheid gewaarborg. —S. J. DE BEER, Soutwerk, Pk. Florisbad. 14/1/TK

## TE KOOP AANGEBIED

**BRANDHOUT.** — Wattle, 9 duim gesaag, 14/- per ton, spoor Mollissimasylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek.—**HENNIE MENTZ,** Privaatsak, Greyton, Natal. 28/1/TK

**LUSERN.** — Koop u lusern direk van die produsent wie vir sy eie produkte verantwoordelik is. Skryf of telegrafeer vir besonderhede en prysopgawe — **N. WIENAND,** P.K. East Poort, K.P. 3/12/7.

**LUSERN te KOOP.**—Nuwe seisoense Eerstegraad lusern teen 5/9, goeie tweede graad 5/3 per 100 lb. K.M.B. V.O.S. Kirkwood. — **J. H. STIEMIE,** Bus 46, Kirkwood, K.P. Foon 413. Telegramme: Stiemie.

# Vryheidsdag In Die Vrystaat

O.B.-eenhede dwarsdeur die land begin reeds voorbereidings tref vir die viering van Vryheidsdag op 27 Februarie. Sommige kommando's is van voorneme om groot funksies te hou op geskikte dae in die nabyheid van die datum. Uit die Vrystaat word berig dat Kopjes op 20 Februarie hul byeenkoms hou, waar as spreker sal optree hfkomdt. Vale Ferreira. Hy sal ook die funksie op Fouriesburg bywoon op 27 Februarie.


NOODHULP VIR DUITSLAND

**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**

**Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.**

**ONS BENODIG DRINGEND:**

- Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.
- Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
- VET.
- Biltong of ander onbederfbare eetware.

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND
of regstreeks aan die

**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**
Bloedstraat 164, PRETORIA.
Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.

● VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. ●


# Verskuiwing Van Hoofkwartiere

## KENNISGEWINGS

Sentrale Hoofkwartier,
Bus 1059, Sanlamgebou 616,
PRETORIA.
28 Januarie 1948.
Tel.: 2-8040.

### SENTRALISASIE

I. Na aanleiding van die verskuiwing van die Organisasie Hoofkwartier na bostaande adres, het die Uitvoerende Raad van die Grootraad besluit om ook ander Uniale kwartiere hierheen te verskuif om sodoende 'n Sentrale Hoofkwartier te stig.

Vanaf datum word hierdie die Hoofkwartier vir

1. Die Boerejeug.
2. Die O.B.-Waghoofkwartier.
3. Finansiële Hoofkwartier.
4. Voorligting.
5. Arbeid.
6. O.B.-Noodhulpfonds.

Alle briefwisseling in verband met bogenoemde kwartiere sal voortaan geadresseer word aan Posbus 1059, Pretoria.

As Uniale Stafoffisier vir hierdie pligte word benoem generaal P. W. Buys, wat vir hierdie doeleindes regstreeks onder die Kommandant-generaal ressorteer en namens die K.G. handel.

II. Hoofkommandant I. L. Ferreira, van Sentrale Hoofkwartier, Pretoria, is tans behulpsaam met organisasiewerk in Gebied C (Vrystaat). Sal alle offisiere en Brandwagte asseblief kennis hiervan neem en hulle volle steun aan hoofkommandant Ferreira gee.

(Get.) P. W. Buys.

# Leek Wat Kanker Genees Imponeer Geneeshere

Die belangstelling van die wêreld is die afgelope week gaande gemaak deur 'n berig dat 'n sewentigjarige Australiër, John Braund, daarin geslaag het om kanker te genees.

Braund, wat nie 'n mediese dokter is nie, het in die teenwoordigheid van geneeskundiges 'n demonstrasie van sy werk gegee. Hy haal naamlik die kankergewas uit en spesialiteite het verklaar dat die wond volkome genees het. Na berig word maak hy die kanker dood, waarna dit uitgesny word.

Die Australiese regering ag die sukses van hierdie leek so belangrik dat hulle 'n spesiale kommissie van agt lede — vier is deur die regering benoem en die res deur Braund — aan die werk gesit het om die werk van Braund te ondersoek.

Braund is reeds £20,000 aangebied om 'n kliniek op te rig.

### DIE METODE

**Na Sapa-Reuter berig kom die metode van Braund hierop neer dat hy iets in die bloed spuit wat die kankerselle aanval en doodmaak. Terselfdertyd verbeter hy die bloedsomloop deur die pasiënt ure lank te masseer onderwyl sy voete in warm soutwater gehou word. Sodra die gewas dood is, word hy met 'n kragtige pleister uitgetrek, waarna die wond skoongemaak word. Dit genees vinnig, en hervat nooit weer nie.**

**'n Mediese spesialiteit het verklaar dat hierdie metode in geen opsig strydig is met die ortodokse mediese standpunt nie. Dit is belaglik goedkoop en so eenvoudig dat mense dit nouliks kan glo.**

# Raadgewer Raak In Onguns By Stalin

'n Vooraanstaande Russiese ekonoom, prof. E. Varga, en twintig ander vooraanstaande Russiese ekonome is uit hul betrekkings ontslaan omdat hul menings oor buitelandse betrekkinge nie ooreenstem met dié van die Kommunistiese Party nie, volgens die New York Times berig.

Varga wat voorheen Stalin se ekonomiese raadgewer was, het 'n boek geskryf waarin hy verklaar dat die kapitalisme nie deur 'n depressie bedreig word nie en dat Rusland met die Brits-Amerikaanse kapitalisme moet saamwerk.

# Kol. Stallard Vra Samewerking Ná Partyskeuring

**Die Dominion Party (onlangs herdoop tot S.A. Party) waarvan kol. C. F. Stallard die leier is, het die afgelope week in twee geskeur as gevolg van die verskil binne die party oor hoe die kleurvraagstuk opgelos moet word. Mnr. J. S. Marwick, L.V. vir Pinetown, en senatore E. T. Stubbs en G. R. Richard het uit die party bedank. 'n Ander leidende figuur, mnr. C. W. Coulter, het ook uit die party bedank. Hulle sal voortaan as onafhanklikes optree in die volksraad.**

Die Dominion Party het dus nou geen verteenwoordiging in die Senaat nie en het nou net drie lede in die volksraad oor, t.w. kol. C. F. Stallard, mnr. C. Neate, en mnr. J. G. Derbyshire.

Die skeuring het gevolg nadat kol. Stallard die kleurmosie van dr. D. F. Malan in die volksraad gesteun het.

Kol. Stallard het intussen 'n beroep gedoen op almal wat oor die kleurvraag eenders dink, om by die verkiesing saam te staan. Sy verklaring is deur die leier van die H.N.P. verwelkom, wat gesê het dat hoewel geen koalisie kan plaasvind nie, daar saamgewerk kan word in die verkiesing en die parlement.

# Die Naturel En Ons

(Vervolg van bladsy 4)

drukking — òf ons sal hom sy eie tuiste moet gee waar hy vry kan ontwikkel tot die hoogste sport van menslike strewe.

### MOET LEIDING NEEM

Vir die Afrikaner is laasgenoemde die enigste pad, en dit is dan ook trouens die taak van die Afrikaner, by uitstek om die leiding te neem, eerstens omdat ons glo aan ons roeping teenoor die nie-blanke en tweedens omdat ons self uit bittere ervaring gesmaak het wat dit beteken om gedwarsboom te word deur 'n vreemde mag. In die derde plek — en dit is 'n troos om dit te weet — is dit by uitstek na die Afrikaner waarna dié naturel om leiding opsien wat nie gewillig is om hom te laat meesleep deur die anti-blanke stroom van kommunistiese agitasie nie. As stawing hiervan haal ek onderstaande paragrawe aan uit 'n anti-kommunistiese brosjure uitgegee deur 'n naturelle-organisasie, die African Improvement Movement:

„Ons glo aan die Afrikanerdom en Afrikanertradisies omdat hul kultuur en tradisies in wese die lewe adem van ons Afrikaanse moederland. Die Afrikaner as 'n ras het sy wortels diep ingeslaan in die bodem van ons land. Anders as die Engelsman, die Jood en die Asiaat is hulle nie afhanklik van 'n moederland oorsee vir geestelike leiding en vreemde kulturele besieling nie. Die Afrikaners is 'n volk met selfvertroue, selfskeppend, lewenskragtig en uitermate selfversekerd, afgesny van alle oorsese bande, wat net in hierdie land leef. Met ongeëwenaarde volharding het hulle geweldig ontwikkel op kulturele gebied en 'n taal geskep en gekoester wat die eerste plek neem in hierdie land. **Ons aanvaar dus met volle vertroue dat, terwille van rasse- en nasionale verwesenliking van die nie-blankes in hierdie land, dit gebiedend noodsaaklik is dat ons die Afrikaner se vriendskap, hulp en leiding verkry. Hulle alleen, weens hul baie geslagte van kontak in verskillende omstandighede met die Kleurling en naturel het die kennis en insig ontwikkel ten opsigte van die maatskaplike, politieke en ekonomiese moeilikhede van die nie-blanke. Hulle alleen kan ons op grond van daardie intieme kennis en diepere begrip lei na daardie hoëre bestemming van nasionale idealisme waarvan Mhleli praat."**

Hier word nog 'n hand van vriendskap na ons volk uitgesteek in plaas van 'n vinger van verwyt. Gaan ons dit neem — neem nie net met mooiklinkende woorde en vrome frases nie, dog met opregte uitlewing van 'n houding wat 'n leier en voog waardig is? Daarvan hang grootliks af of daar 'n plêk vir ons kinders in hierdie sonnige land sal wees.

**Te laat vir klassifisering**

## IN MEMORIAM

**STRAUSS.** — Onvergeetlik sal die dag van 16 Jan. 1945 bly, toe verhuis het ons dierbare Moeder en eggenote, Anna Francina Christina. Ons gun u die hemelse rus.

**Van die verlangende eggenoot en kinders,** Skansklip, Brandvlei. 4/2/1.


**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

DIE Boerejeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B." VAN WOENSDAG, 4 FEBRUARIE 1948

# VIR DIE NUWE JAAR

Ons lede van die Boerejeug het ongetwyfeld almal 'n baie lekker vakansie agter die rug. Die uitvluggies na die see, na die verskillende vakansie-oorde langs ons mooi rivieroewers, of op ons boereplase waar perdry en soveel ander aanloklike tydverdrywe ons trek en vir ons die weke laat verbyvlieg, het die spiere verfris en gestaal vir die taak van 1948. Ontspanningstyd is nou egter verby, en ons gaan nuwe pligte tegemoet, in die vervulling waarvan ons net soveel plesier gaan skep as in die weke van vakansie, want vir die seun en dogter van „durf en daad" is daar geen groter plesier as die gevoel van baasskap oor 'n stukkie werk wat deeglik afgehandel is nie! Ons voel ons het hom onder die knie!

Wil ons sukses behaal, dan hang daar so ontsettend veel van af hoe ons die taak aanpak. En hier gee Langenhoven ons so 'n kostelike raad:

„Dis die smeulende vuur wat swaarkry,
En tog nie die kos kan gaar kry.
Die vrolike vlam wat klap en kraak,
Is hy wat sy taak 'n vermaaklikheid maak,
En al sy swaarkry met lekkerkry klaarkry!"

Dáár is dus ons besluit: met geesdrif aan die werk, en ons lag die moeilikhede af! Ons moet tóg daardeur en, hoe plesieriger die gemoedstemming soveel aangenamer word die taak, en soveel vrugbaarder daarby.

Die hengelaar, wat 'n paar krappe vang waarmee hy sy groot vis uit die blou water wil trek, weet uit ondervinding dat die man wat met 'n krap speel, kom in die knyp. Net met die eerste aanval, pak hy hom met 'n vol hand, en die slag is gelewer — die krap lê veilig in sy sak. En netnou verheug hy hom nog verder deur met voldoening te kyk na die blink vis hier naas hom op die rotse!

Met daardie beslistheid trek ons nou 1948 in, en ons wens mekaar 'n vrugbare jaar toe. Vrugbaar in die vervulling van ons taak ons toegewys, vrugbaar in diens van die Boerejeug en vrugbaar in ons vriendskap!

Hoe harder die jaar van troue diens wat ons agter die rug kry, hoe heerliker ook weer die ontspanningstyd wat voorlê.

# Moeder Vertel Van Elsabie Nel

**Ons Boerejeug praat baie van Elsabie Nel en eer haar vir dapperheid wat sy aan die dag gelê het toe die regering se speurders van haar inligting omtrent sekere voortvlugtendes wou hê. Sy het egter trou gebly aan die belofte: „Ek sal my mede-Afrikaner nie aan die vyand uitlewer nie", selfs toe sy in die tronk gegooi is!**

Nou wil julle seker meer weet omtrent hierdie dapper Boeredogter, né? Hier volg dus 'n stukkie waarin haar moeder ons so een en ander omtrent haar meedeel:

„Elsabie Nel is gebore op 24 Augustus 1923 op die plaas Uitkyk, distrik Nelspruit. Sy het twee broers ouer as syself, Coligny en Danie, en 'n jonger broer en suster.

Haar eerste skooljare het sy, Coligny en Danie by ons buurvrou geniet wat 'n dogtertjie net so oud as Elsa gehad het. Die viertjies het toe saam skoolgegaan. Elsa en haar boeties moes elke oggend ongeveer 'n myl loop na die bure vir hul skool.

Van Std. 3 tot Std. 5 het ek self hulle vier onderwys gegee. Elsa het ook haar musiekopleiding (klavier) van my ontvang. Die drie is toe na 'n publieke skool, Witrivier, waar Elsa maagkoors opgedoen het. Sy het bykans drie maande in Barberton-hospitaal tussen lewe en dood gelê.

Ná sy gesond was, is sy terug skool-toe, maar nou na Nelspruit waar sy haar Std. 8 eksamen eersteklas deurgekom het. Ons het haar toe na Pretoria, Afrikaans Hoër Meisieskool gestuur. Daar het haar been begin sweer as gevolg van die maagkoors wat sy gehad het. Dit het haar twee operasies gekos in Baberton-hospitaal en ses maande uit die skool. Sy was besig met die matriekeksamens toe die speurder haar oorrompel en met die hof dreig as sy nie sekere antwoorde gee nie. Elsa het geweier om te antwoord. Hulle wou haar dadelik voor die hof sleep, maar deur bemiddeling van prokureur Dirk Hertzog het hulle haar eers kans gegee om haar eksamen klaar te skryf. Die verdere geskiedenis weet u seker self soos dit in die koerante verskyn het. Sy is die volgende jaar na die Universiteit van Pretoria waar sy na 'n driejarige kursus haar kleuterskool-diploma behaal het. Sy is op 24 Maart 1944 getroud en is nou boervrou.

Elsa hou niks van publisiteit nie en sal my dit seker kwalik neem as sy hoor dat ek U die gegewens gegee het, maar 'n mammie gesels mos graag oor haar kinders.

Deurdat ek vir my kinders self skoolgehou het, het ek die voorreg gehad om hulle trots te maak op hulle grootse verlede — ja, ek glo nie hulle sal ooit verraaiers kan wees nie!

Aan vaderskant stam Elsa van Estienne Nel wat saam met Adam Tas in die tronk gesmyt is, en aan moederskant is Andries Pretorius voëlvry verklaar en Jopie Fourie ('n eie neef) doodgeskiet. Sien U, dis nie 'n skande om in die tronk te sit vir jou volk nie!"

## HET U AL GEKOOP?

### Vryheidsdag-Seëls




Februariemaand is hier! Dis die maand waarin ons terugdink aan die roemryke oorwinning wat behaal is op die kruin van Amajuba, op 27 Februarie 1881.

Vryheidsdagseëls op ons briewe sal ook andere aan die fees van Amajuba laat dink en tegelyk bydra om ons Volksbeweging te sterk. Bestel soveel u wil van Boerejeughoofkwartier, Bus 1059, Pretoria, teen 1d. elk.

**Bestel dadelik!**

## Ervarings uit die Stryd:

# DIE GALG

(Vervolg)

Dit was juis in hierdie tyd dat Visser en Van Blerk tot die dood veroordeel is oor een of ander ontploffing wat aan die Rand plaasgevind het. Toe ek met die bewaarder daaroor

## Deur Krisjan

gesels, het hy my meegedeel dat hier in die tronk ook nog 'n galg is, alhoewel daar nie meer persone tereggestel word nie. Ek was verbaas om dit te hoor, en antwoord bevestigend toe hy my vra of ek die galg wil sien. Die Galgsel was nie ver van my sel nie, maar ons moes skelmpies daarheen gaan wanneer een van die ander bewaarders nie daar sou wees nie. Hierdie kans het die daaropvolgende Sondag gekom. Hy het my kom oopsluit en ons twee is galg-toe.

Daarná het ek gewens dat ek nooit gegaan het nie. Ek het gedurig Visser en Van Blerk voor my gesien en gedink hoe hulle moes voel — ek is nie eens veroordeel nie en die galg het so'n geweldige indruk op my gemaak!

Net langs die galgkamer is daar die dodesel waarin die veroordeelde 'n tydlank voor sy teregstelling opgesluit word. Daar is altyd 'n bewaarder op diens wat maklik in die sel kan kyk. Hy moet waak, en indien nodig verhoed, dat die veroordeelde selfmoord pleeg.

Daarna kom 'n mens by die galg self. Die kamer lyk net soos die gewone selle, maar is heelwat groter. Die galg is nie 'n regop paal met 'n ander een reghoekig aan hom vas soos dit gewoonlik voorgestel word nie, hoewel hierdie soort galg ook nog soms gebruik word. Die galg in die tronk is 'n stewige balk wat aan die een muur van die kamer na die ander loop. Aan die onderend van die balk is daar 'n gleuf vir die ketting, wat met 'n ysterpen korter of langer gestel kan word, afhangend van die persoon se lengte en gewig.

Onder die galg is die valdeure. Hulle word deur 'n hefboom gelos en dan gee die deure pad onder die veroordeelde. Aan die een kant gaan daar trappies af na die „graf", soos dit genoem word, waarheen dokters gaan om vas te stel of die terreggestelde dood is, al dan nie. Toe ek daardie trappies afstap, het 'n besondere swaarmoedige stemming my oormeester, en ek het verlig gevoel toe ons daar weg is. Maar die terneergedrukte gevoel kon ek nie kwytraak nie. Daardie Sondagnag het ek baie swaar geslaap, en was bly toe die nuwe dag aanbreek.

# OFFISIERE! AANDAG!

**HET U DIT AL PROBEER?**

Verlede keer het ons aan die hand gedoen dat u meer kleiner funksies in u afdeling organiseer i.p.v. een of twee algemene funksies.

By sommige (nie almal nie) van hierdie byeenkomste, sal die doel wees om fondse in te samel, en wel deur die verkoop van eetware, koffie ens. U sal nou vind dat dit baie aangenamer en makliker gaan, om op so 'n aandjie nie per pannekoek of per koeldrank te laat betaal nie, maar liewer 'n silwerkollekte te vra. Dit bespaar nie alleen moeite nie, maar skep 'n aangename gesellige gees, en daarby sal u waarskynlik ook vind dat dit finansieel meer vrugte gaan afwerp!

## Demobilisasie Nie Klaar

Die demobilisasie is nog nie voltooi nie, na genl. J. C. Smuts in die Volksraad verklaar het. Van diegene wat gedurende die oorlog aangesluit het, is daar nog 1,350 blanke mans, 776 blanke vroue, 591 naturelle en 282 kleurlinge in die leër.

*AMAJUBA ROEP!*

**GROOT**

# VRYHEIDSDAGVIERING OP AMAJUBA

**27 FEBRUARIE 1948**

●

***Bevelvoerende Offisier:***

**ONS KOMMANDANT-GENERAAL**

●

**Vanwaar u ookal is, kom vier saam met u kamerade vanuit die hele Unie Vryheidsdag op die Berg van Oorwinning!**

# IMMIGRANTE EIS SPESIALE AFSLAG IN WINKELS

**Die weergalose bevoorregting deur die staat van Britse immigrante bo landsburgers maak hulle as 'n groep by die dag meer vrypostig in die aanspraak op meer voorregte. Die jongste geval is 'n versoek van die „Settlers' Association" — 'n organisasie van Britse immigrante wat veral die bande met Brittanje lewendig wil hou — aan besighede om alle immigrante 'n afslag te gee op die goed wat hulle koop. Hierdie versoek het in Durban ontstaan, en soos onlangs in „Die O.B." berig, word Durban deur Britse immigrante beskou as die luilekkerland waar mens meer plesier as werk het.**

**Hierdie mense, wat blykens 'n klag van die 1820 Settlers' Association weier om goeie werk elders in die land te aanvaar en liewer swakker werk in die nabyheid van die bioskope en plesieroorde van Durban verkies, word blykbaar nou weens hul verminderde inkomste verplig om minder aan lewensmiddele te spandeer, en die enigste uitweg, volgens die lig wat hulle het, is om aansoek te doen om afslag van pryse.**

Teen hierdie versoek spreek Commercial Opinion, amptelike orgaan van die Gefedereerde Kamers van Koophandel, hom skerp uit. Die blad beskryf so 'n georganiseerde afslag aan besondere groepe as 'n laakbare praktyk. Met verwysing na die immigrante se aansoek, verklaar die blad:

**„Wel, waarom pas aangekome nedersetters geriewe mag geniet wat aan gevestigde landsburgers ontsê word, is 'n vraag waarop geen logiese antwoord gegee kan word nie. En sover bekend word ook geen poging deur die voorstanders daarvan aangewend om daarop te antwoord nie. Maar wat aan handelaars gesê word, is: „Hier is 'n nuwe hoeveelheid besigheid — ons kan dit aan julle laat toekom indien . . . .' Geen kommentaar op so 'n praktyk is nodig nie."**

Die blad gaan voort om te verklaar dat tensy die handel hierdie soort ding in die kiem smoor, kan verwag word dat alle soorte verbruikersgroepe, soos onderwysers, verpleegsters, messelaars, ens. na vore kan kom om hul voorreg te eis ten koste van die ongeorganiseerde massa.

**Indien handelaars dit kan bekostig om afslag te gee, dan kom daardie afslag nie net sekere groepe toe nie, maar alle verbruikers, aldus die blad.**

## Gratis Lenings Aan Immigrante

Britse immigrante kan in noodgevalle 'n rentevrye lening van die regering kry, het die Minister van Binnelandse Sake in die volksraad verklaar. Die maksimum bedrag wat aan 'n gesin geleen word, is £5. Tot dusver is in die geheel £10 uitgeleen waarvan £5 terug betaal is.

# S.A. Naturel Deur Kommunistiese Diktator Besiel

**Die Kommunistiese blad, The Guardian, het groot ophef gemaak van 'n naturel, Victor Mbobo, wat „Suid-Afrikaanse afgevaardigde na die Wêreld-jeugfees" in Europa was. Die kongres was uit en uit 'n Kommunistiese byeenkoms. Hy beskryf sy onderhoud met maarskalk Tito, die Kommunistiese Diktator van Joegoslawië, as die „hoogtepunt" van sy ses maandelange besoek aan Europa.**

Hierdie naturel wat blykbaar geposeer het as 'n volmondige verteenwoordiger van die jeug in Suid-Afrika, het onder meer ook Brittanje en Frankryk besoek.

Mbobo het saam met afgevaardigdes vanaf Maleia, „die bevryde dele van China" (die gebied wat deur die Kommuniste beset is), Indië en Nu-Seeland, 'n uitnodiging van Tito ontvang om met hom te kom gesels. **Die onderhoud sou oorspronklik 'n halfuur geduur het. Die Kommuniste het egter so lekker gesels dat dit uiteindelik twee uur en twintig minute geduur het. Hulle het glo ook gesels oor die vraagstukke in Suid-Afrika. Die onderhoud was volgens Mbobo „inspirerend".**

Voorts vertel hy dat daar nog baie in Suid-Afrika gedoen kan word. As voorbeeld noem hy Tjeggoslowakye waar die jeug elke Sondag ses uur lank vrywillig werk om die stede en dorpe te herbou. Hulle werk ook in die steenkoolmyne.

# Nuwe Ontdekking Maak Skoffel Van Mielieland Oorbodig

**'n Rewolusionêre boerderymetode waardeur dit nie meer nodig is om die mielielande te skoffel nie, maar die onkruid eenvoudig met 'n chemiese spuitmiddel dood te spuit wat nie die mielies aantas nie, is onlangs in Amerika toegepas toe boere vanweë die swaar reëns nie in hul lande kon kom om dit te skoffel nie. Selfs wetenskaplikes wat verantwoordelik was vir die uitvinding, het verbaas gestaan oor hul handwerk.**

**'n Wetenskaplike van die Departement van Landbou wat die verhaal vertel het, het gesê: „Die resultate het byna ons voete onder ons weggeslaan. Indien dit op groot skaal aangeneem word, sal dit 'n rewolusie in die boerderymetode te weeg bring."**

Die betrokke wetenskaplike, dr. L. W. Kepford, het gesê dat baie boere in die toekoms in staat mag wees om hul egge uit te skakel en hul mielierye nader aan mekaar te plant. Dit sal hoër opbrengste beteken. Die rye is nou tussen 36 en 40 duim van mekaar af, sodat die lande geëg kan word.

Die ontdekking van 2—4—D is drie jaar gelede aangekondig. Wetenskaplikes het egter gevind dat 2—4—D net op plante met breë blare 'n uitwerking het. Plante wat met 2—4—D bespuit is, groei so vinnig dat hulle al hul opgegaarde energie gebruik, geel word en doodgaan. Hierdie chemiese onkruiduitroeier het egter geen uitwerking op gras of plante met smal blare nie.

### BEWYS

Owerhede van die Departement van Landbou het toe probeer om die stof vir graan aan te wend. Hulle het spoedig berig dat dit gebruik kon word om onkruid dood te maak in koring, hawer, gars, suikerriet en ryslande, en sommige boere het dit daarvoor begin aanwend. Maar die deskundiges het waarskuwings uitgereik dat dit aartappels, katoen, tamaties en ander sodanige plante, sowel as onkruid met breë blare, sal doodmaak. Hul proefnemings en teorieë het aangedui dat dit mielies sou beskadig.

Maar 'n groep mieliebdere wat voor 'n potensiële oesramp te staan gekom het, het bewys dat hulle verkeerd was, het dr. Kepford gesê.

Dit het verlede Lente gebeur, langs die Ohio-rivier, in Indiana. Swaar reëns het die laagliggende lande oorstroom. Die onkruid het net so hoog as die mielies gegroei. Die boere kon nie hul egge in die lande kry nie. Hulle het gedink dat die graan tot mislukking gedoem was. In wanhopigheid het een boer 'n tuisgemaakte sprei vervaardig en 2—4—D oor sy mielies gespuit. Die onkruid het doodgegaan en die mielies het gegroei.


Binne 'n maand was 50,000 acre koringlande in Kentucky, Iowa en Nebraska, wat onder water was, met 2—4—D bespuit. Van daardie lande is 2,500,000 boesel mielies geoes, wat andersins verlore sou gewees het.

Dr. Kepford het egter daarop gewys dat dit moontlik nooit ekonomies sal wees om 2—4—D in droë gebiede, waar water skaars is, te gebruik nie.

## Jeugkonsert Op Maitland

**'n Verskeidenheidskonsert word op Vrydag- en Saterdagaand, 6 en 7 Februarie deur die Kaapstadse Boerejeug gehou in die Ebenhaëzer-saal, Maitland (langs die N.G.-kerk). Die program sal afwisselend grappig en ernstig wees. Dit begin om 8-uur en die toegang is 1s. 6d.**

## Nou By Hul Moeder



**Na veel ontbering het die kinders van dr. Erik Holm verlede Donderdag, vergesel van hul grootmoeder, mev. Papst, per vliegtuig in Johannesburg aangekom. Hulle was agt maande lank van hul moeder geskei. Hulle kon dit maar nie glo dat daar nou eindelik 'n einde aan al hul omswerwinge gekom het nie. Hulle is van l. na r.: Kornelia (4), Dietrich (11), Erik (2), Konstanze (9), Albrecht (10) en Maja (6).**

**Dr. Holm dien tans 'n vonnis uit van 10 jaar in die Baviaanspoort-kamp.**

## REUSE ORGANISASIE VAN BEDELAARS

**'n Georganiseerde „leer" van 25,000 bedelaars waarvan nie minder as ongeveer 15,000 kinders tussen die ouderdom van vyf en twaalf is nie, is tans besig om daagliks die strate van Rome te deurkruis, volgens syfers wat „Momentozera", 'n Italiaanse koerant, gepubliseer het.**

Hierdie kinders word deur persone gehuur met die doel om in die strate van Rome te bedel. 'n Lam en gebreklike kind het die meeste waarde omdat hulle meer insamel weens die medelye wat hulle opwek. 'n Kind word teen ongeveer 6s. per dag gehuur. As hy reeds 'n „geskoolde" bedelaar is, kry hy dikwels meer as dit. (Sapa-Reuter).

## MANS BETER AS VROUE

Uit 3,002 toetse wat in Philadelphia uitgevoer is, blyk dit dat mans beter motorbestuurders is as vroue. Uit die totaal was 705 persone nie in staat om aan die vereistes van die toetse te voldoen nie.

## BRITSE IMMIGRANT GEVONNIS

**Nog 'n Britse immigrant is skuldig bevind van diefstal. „Moenie dink jy kan ons wet in Suid-Afrika uitoorlê nie. Ons stelsel van vingerafdrukke sal jou volg", het magistraat Percy Berry aan 'n Britse immigrant, Edward Beverton, in Kaapstad gesê toe hy hom daarvan skuldig bevind het dat hy 'n battery gesteel het. Hy het skuld erken en is tot £15 boete of 30 dae tronkstraf gevonnis wat opgeskort is vir drie jaar, op voorwaarde dat hy hom gedra.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## BOUBEHEER OPGEHEF

**Soos deur Die O.B. verlede week in die vooruitsig gestel, het die regering besluit om die boubeheer oor huise, wat 'n oppervlakte van 2,000 v.k. voet beslaan, op te hef. Die aankondiging is Maandagmiddag deur die Eerste Minister in die volksraad gedoen.**

Politieke kringe meen dat dit net 'n verkiesingsset is aangesien amptenare verklaar dat daar nog nie genoeg materiaal beskikbaar is nie.